# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 April 1996 Vol. 15

# EEN MOSLEM TE VEEL

## Omsendskrywe van Kuratorium

In Oktober verlede jaar het die kuratore van die Teologiese Skool Potchefstroom besin oor die aanstelling van dr. Ebrahim Sooliman, 'n Moslem, in die Raad van die PU vir CHO. In 'n omsendskrywe aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (gedateer 20 Februarie 1996) gee die kuratorium sy rapport en besluit aan die kerke deur. Die feit dat die Kuratorium tereg stel dat elke gereformeerde lidmaat in hierdie saak 'n direkte belang het, maak dit noodsaaklik om op die omsendskrywe te reageer.

## Waardering

Daar moet waardering uitgespreek word vir verskeie positiewe aspekte van die rapport en besluite. Daar kan met dankbaarheid kennis geneem word dat die Kuratorium wel die saak met die Raad van die PU opgeneem het. Daar kan ook ingestem word met verskeie van die oorwegings waaraan aandag gegee is, veral dat die Universiteit in alles aan God direk verantwoording verskuldig is. Die rapport bring inderdaad ook opklaring oor aspekte soos die ontstaan van hierdie probleem, naamlik by die Puk se Forum 2000, en die manier waarop die Raad die voorgestelde naamlys oor aanstellings gehanteer het.

Die grootste waardering moet uitgespreek word vir die eerste bevinding van die Kuratorium wat lui: "Die kuratorium bevind dat die benoeming van enige nie-Christen op die Raad as hoogste beleidmakende en bestuursliggaam van 'n Christelike Universiteit 'n anomalie (onreëlmatigheid - w.e.d) is en in stryd met die karakter en doel van die Universiteit." Derhalwe spreek die Kuratorium hom ook dus uit teen die benoeming van enige nie-Christen in die Raad van die Universiteit, aangesien so 'n benoeming in teenspraak is met die karakter en doel van 'n Christelike universiteit.

## Onbevredigend

Die Kuratorium se rapport is egter in geheel gesien onbevredigend. Die besluite kom daarop neer dat gesê word een Moslem in die Raad is verkeerd, maar dit moet maar daar gelaat word en toegesien word dat dit nie weer gebeur nie. Die Kuratorium spreek dan ook sy dank teenoor die Raad uit vir sy voorneme om die Christelike karakter van die PU onverswak te handhaaf. Nie alle gereformeerdes sal met hierdie dankbetuiging saamgaan nie. Die Raad het deur sy optrede laat blyk dat hulle dit juis as Christelik verstaan om dr. Sooliman in die Raad aan te stel, aangesien hy die versekering gegee het dat hy die Christelike karakter respekteer.

## Van belydenis afgewyk

Hoe kan die Raad se huidige voorneme om die Christelike karakter van die PU onverswak te handhaaf, gunstig gesien word? Daar is immers grondliggende verskille oor wat hier as "christelik" geld. Die Raad het dan reeds afgewyk van die gereformeerde belydenis op hierdie punt, en daarvoor mag hulle nie bedank word nie. Die Raad kan nie die Christelike karakter onverswak handhaaf solank as wat dr. Sooliman in die Raad is nie — sy aanstelling bly 'n onontkenbare teenstrydigheid. Dr. Sooliman moet deur die Raad ontslaan word; dit sal weer aan die Raad geloofwaardigheid gee dat daar erns gemaak word met die Skrif en belydenis. Een Moslem in die Raad is een Moslem te veel — geen kompromie mag hieroor aangegaan word nie.

*In hierdie uitgawe:*


* EEN MOSLEM TE VEEL
  A.L.A. Buys ..... 1
* Skrifoordenking: DIE DRYWENDE BYL
  Dr. J. Postma ..... 2
* DIE WIT TEOLOGIE (Deel 5)
  Ds. G.J. Kruger ..... 4
* MENSEREGTE NIE-CHRISTELIK
  Prof. J.M. Potgieter ..... 7
* SEKULARISME (Deel 1)
  Prof. L. Floor ..... 9
* Boekresensie: Tussen doop en nagmaal
  Ds. F.J. Bijzet ..... 11

## Eerste en laaste keer?

Die spanning in die kerke oor die Sooliman-saak word algaande groter. Die duidelike onwilligheid van die Raad om prinsipieel te handel, word nie genoegsaam deur die Kuratorium aangespreek nie. Hoe sal die Raad kan toesien dat so iets nie weer kan gebeur nie, as dit die eerste keer nie alleen wel gebeur het nie, maar ook onveranderd gehandhaaf word? Hier het die Raad 'n president geskep waaruit geen waarborg gegee kan word dat dit nie in die toekoms herhaal kan word nie.

Word verwag dat hierdie anomalie van 'n Moslem in die Raad vir hierdie keer aanvaar moet word? Dit kan tog nie, omdat hier 'n gevaarlike pragmatisme voorkom wat in wese die hele Christelike karakter van die PU bedreig, en ook die verhouding van die Teologiese Skool en die Universiteit ingrypend gaan beïnvloed.

### Gevolge

Daar is verskeie konsekwensies wat die Sooliman-saak tot gevolg gaan hê:

* Ten eerste, as hierdie anomalie net uitgewys word, maar tog gehandhaaf word, bly daar weinig sondes oor wat nie op hierdie manier geduld kan word nie. Dit sal uiteindelik die Christelike karakter verwater en hierdie inkonsekwentheid sal alhoemeer 'n bespotting van die gereformeerde belydenis maak. Dr. Sooliman moet gaan, daar is geen ander beginsel-uitweg nie. Om hom in die Raad te duld, beteken dat die Skrifwaarhede nie gehandhaaf word nie.
* Tweedens word dit al hoe moeiliker vir gereformeerde ouers om die PU van harte te ondersteun. Hoe lank sal dit duur voordat die invloed van sekere nie-christelike standpunte in die Raad oor die hele universiteit versprei?
* Derdens stuur die Kuratorium en die Raad in die toekoms tog op konfrontasie af. Dan sal besluit moet word of die gereformeerde beginsels prysgegee word ter wille van staatsgeld in die onderwys, en of die tyd nie dalk aangebreek het dat die kerke se teologiese skool vry (van staatsbefondsing) moet wees nie. 'n Teologiese skool het tog die taak om die gereformeerde belydenis onverswak in alles te handhaaf. Dit sal 'n hartseer dag wees as die kerke met die universiteit moet breek, omdat daar oor dekades soveel vir hierdie hoë ideaal opgeoffer is.

**A.L.A. Buys**

★★★★★

SKRIFOORDENKING:

## Die drywende byl

*2 Kon.6:6 "En toe hy hom die plek wys, het hy 'n stok afgesny en dit daarheen gegooi en die yster bo laat drywe"*

Wat 'n rykdom van genade word nie deur die wonders geopenbaar nie. Wonders is immers tekens wat heenwys na iets belangriker, na 'n saak waarvan die wonder net 'n teken is. Ons kan sê dat wonders eintlik wonders in die daad is. Die belangrike vraag is nou, waarheen verwys die wonder van die drywende byl? Die wonder hang nie in die lug nie, en ons moet hierdie wonder sien in verband met die evangelie van Jesus Christus.

### Mislei

Elisa het hierdie wonder gedoen nadat hy Elia opgevolg het. In dié tyd het die profete baie sterk op die voorgrond getree. Die konings het die volk nie langer in die regte spore gelei nie, maar die volk mislei. Die profeet se roeping is om allereers te luister na wat die Here sê, en dit daarna dan bekend te maak aan die volk. Die profetiese amp dien dus tot behoud van die lewe.

### Staatsgodsdiens

Die wonder van die drywende byl moet teen die agtergrond van Baäldiens verstaan word. Onder leiding van Agab en Isebel het die Baälgodsdiens die offisiële staatsgodsdiens geword, met sy natuurgodsdiens en seksuele uitspattighede. Die Here laat nie sy volk los nie en daarom stuur Hy sy profeet Elia om dwars teen die stroom van die tyd, teen die koningshuis en die volk op te tree. Wat het die optrede op Karmel teen die oormag van Baälpriesters nie van hom geëis nie, en hoe moedeloos het hy nie geraak toe Isebel hom ná al sy ywer en inspanning laat weet het dat hy net soos die Baälpriesters doodgemaak sou word. Ná die hemelvaart van Elia, neem Elisa nou die taak oor om die volk weer die suiwere weg te wys. Waar Elia die groot boeteprediker is, is Elisa die profeet wat veral die genade van die Here aan die volk openbaar en dit doen hy veral deur verskeie wonders. Die profeet moet regmaak waar die koning verbrou.

### Meer profete

Die leerlinge in die profeteskool het aan Elisa toestemming kom vra vir die uitbreiding van hulle woongeriewe in Jerigo. Die profete-leerlinge het vermeerder. Terwyl die koningshuis die volk met Baälgodsdiens die afgrond inlei, groei die aantal leerlinge in die profeteskool. Wat beteken dit anders as dat die Here aan sy verbond

getrou bly en die volk nie loslaat nie? Hoe meer die volk afvallig word en die diens van die Here verlaat, des te meer word die profete.

## Oorvloed en armoede

Uit die vermelding dat elkeen van die profete net een balk gekap het word dit duidelik dat daar 'n aansienlike aantal profete was. Dit blyk verder ook dat daar redelike armoede was, want ten minste een van hulle moes selfs 'n byl gaan leen. Wat 'n skrille teenstelling: teenoor die oorvloed en mag van die koningshuis wat die Baälgodsdiens ondersteun en die volk verlei, sien ons daar in die Jordaandal 'n klompie jong profete besig om met behulp van geleende gereedskap boumateriaal voor te berei om woonplek te voorsien aan mede-profete.

## Werk vertraag

Die werk en ook die opleiding van die profete word vertraag toe die byl van die steel afgly en in die water van die Jordaan val. Daarby kom nog dat die byl vergoed moet word en waar moet die geld vandaan kom? Sal hulle werk nou op mislukking uitloop? In hierdie omstandighede gryp Elisa in met die wonder. Teen alle swaartekrag-wette in begin die byl op die water dryf. Waarom die wonder? Elisa het gesien dat daar 'n struikelblok is vir die voortgang van die evangelie. Die drywende byl verkondig dat die verkondiging van die Woord sal voortgaan, en die voortgang daarvan is net so 'n wonder as die yster wat teen alle natuurwette in op die water drywe. Die Here laat dit gebeur.

## Evangelie gaan voort

Die voortgang van die evangelie is nie van menslike vernuf en krag afhanklik nie. Die Here sorg op wonderbaarlike wyse dat die verkondiging van die evangelie tot verlossing van die mens in hierdie wêreld sal voortgaan. Die verskyning van die evangelie in hierdie wêreld is net so 'n wonder as die byl wat op die water dryf. Die verlossing van die verlore mens is nie die werk van mense nie, maar 'n wonder van God. Die grootste wonder het plaasgevind toe Jesus Christus as mens in hierdie wêreld gebore is. En die gang van die evangelie deur die geskiedenis bly steeds 'n wonder.

So het die wonder plaasgevind daar langs die Jordaan. Alles is in Israel ingespan om die evangeliewoord te laat wegsink in die modderwater van die staatsafgodsdiens en daarteen kon die mense niks doen nie. Teen die geestelike modderwaters in Israel vermag die mens uit homself niks nie. Hoe word die byl-blad van die evangelie nie oorstroom deur mensgemaakte godsdiens nie, en wie kan dit ooit weer na vore bring? Watter mens kon die byl vind op die modderige bodem van die heidense afgodediens?

## Oorspoel

Maar nou het die Here deur die profeet hierdie wonder laat plaasvind en laat Hy ons sien dat Hy nie toelaat dat die Woord van genade onder die volk uit sal verdwyn en oorspoel word deur valse godsdiens nie. Ten spyte van die swakheid van die profeet, van die bedienaar van die woord, laat God die wonder nog elke dag plaasvind dat die woord verkondig word. Die mensdom met al sy mensgemaakte godsdiens kan die loop van die evangelie nie stuit nie. Want die evangelie is die groot wonder van die wêreld. Dit is nie van die mens afkomstig nie maar van God. Dit is die ingrype van God in die wêreld wat gedreig het om onder te gaan. Die Here het deur die wonder van die byl gesorg dat die verkondiging van die evangelie in Israel kon voortgaan.

## Gevoelsgodsdiens

Hoe was die mens se geloofsuitsig voor die hervorming nie besoedel deur al die mensuitgedinkte seremonies en leerstukke nie. Maar God het weer die byl van die suiwer evangelie laat bodryf deur die werk van 'n Luther, Calvyn, Farel, John Knox en nog baie ander. Ons weet dat vandag ook baie troebel waters die suiwere evangelie oorspoel, soos die opvatting vandag dat jou redding afhanklik is van wat jy daarvan voel en nie meer rus in die verdienste van Christus wat Hy vir ons volbring het nie. Maar ons moet nie moedeloos word nie; die Here sal sy suiwer evangelie altyd weer bo laat dryf.

En dit verseker Jesus Christus ons ook in sy profetiese uitsprake. Luister maar wat daar in Mat. 24:14 geskrywe staan: "Daar sal baie valse profete kom en hulle sal mense mislei. Omdat die minagting van die wet van god sal toeneem, sal die liefde verkoel. En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die wêreld verkondig word sodat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom".

## Woord sal toeneem

Ons het gemerk dat toe die afval by Israel toegeneem het, het die Here die getal profete laat vermeerder. Hoe groter die afval, hoe sterker word die evangelie verkondig. God is lankmoedig en wil nie dat een verlore gaan nie. Maar daarom word die evangelie verkondig. God is lankmoedig en wil nie dat een verlore gaan nie. Maar daarom word die oordeelsdreiging steeds swaarder as die mensdom ten spyte van die meerdere verkondiging van die Woord nie daarop ag slaan nie. Dan word die oordeel ook swaarder. Ons kan vandag inderdaad sien dat die verkondiging van die Woord geweldig

toegeneem het. Watter middels word nie alles aangewend om die evangelie te verkondig nie. In ons tyd wat hom waan as 'n tyd wat by die godsdiens verby ontwikkel het en die godsdiens nie meer nodig het nie, juis nou sorg God dat sy evangelie in ryke en verdubbelde mate oor die wêreld aangekondig word. Wee dan hulle wat nie luister nie! Maar wat 'n vertroosting vir die een wat self nie meer kan nie, maar kan hoor van die groot wonder dat daar vir 'n sondaar verlossing is.

**Dr. J. Postma.**

* * * * *

# Die Wit Teologie (Deel 5)

**Ds. G.J. Kruger**

## SKRIFBESKOUING EN SKRIFGEBRUIK

### Skrifbeskouing

Die Wit Teologie sê in hulle geloofsbelydenis die volgende aangaande die Woord van God: "Ons bely die Bybel as die Heilige Gees geïnspireerde Woord van Yahweh ons Vader waardeur Hy Sy volle plan en heilshandeling aan ons, Sy volk, openbaar" (Anon.). Die Wit Teologie erken dus wel dat die Bybel die Woord van God is, maar op bladsy 10 van dieselfde geloofsbelydenis word die volgende stelling gemaak: "Ons moet die Bybel onbevange bestudeer en glo en uitvoer wat proefondervindelik <u>ontdek</u> word sonder om dit weer te wil bind aan tradisie, gewoonte, oorlewering en akademiese ge-yktheid. Dit moet egter voortdurend getoets word aan die getuienis van ons <u>mede-broeders</u>" (my beklemtoning). Dit blyk uit die Wit Teologie se geskrifte dat die boodskap wat "ontdek" moet word die sogenaamde Israelwaarheid is wat nou eers geopenbaar word. So maak Neser byvoorbeeld die volgende stelling: "Die EINDTYD is op ons, en dit wat vir geslagte verborge was, word nou ge-openbaar" (beklemtoning F.W.C. Neser). Die vraag kan dus met reg gestel word of die Wit Teologie werklik die Woord van God as 'n afgeslote kanon aanvaar.

### Geheime sleutel

Die Wit Teologie verkondig ook dat daar 'n "geheime sleutel" is om die Bybel te verstaan. Dit is 'n hermeneutiese aangeleentheid waaroor net kortliks gehandel sal word. By die uitleg van elke Bybelgedeelte moet onder andere rekening gehou word met die literatuursoort van die betrokke Bybelboek ('n mens lê 'n geslagsregister anders uit as 'n gedig, en 'n historiese boek anders as 'n versameling spreuke), die historiese situasie waarin dit ontstaan het, die groot verband van die betrokke Bybelboek en die verband met die Bybel as geheel. Die Wit Teologie het egter 'n "geheime hermeneutiese sleutel" waarvolgens die Bybel gelees en uitgelê moet word en so word met 'n vooropgestelde idee na die Bybel gegaan en word die hele Bybel gelees deur die bril van hierdie geheime sleutel. Neser dui hierdie hermeneutiese sleutel, wat gebruik moet word om ALLE Bybelse uitsprake oor die koninkryk te interpreteer, soos volg aan: "Die koninkryk van die hemele is God se koninkryk op aarde oor Israel met Jesus op die Troon van sy Vader Dawid. Hou dit altyd voor oë, en u sal nie 'n fout maak met die betekenisse en bedoelinge van hierdie gelykenisse nie" (Neser).

### Verdere openbarings

Die Wit Teologie handhaaf dan die beskouing dat daar 'n openbaring van geheime plaasvind. Die geheim wat by die Wit Teologie geopenbaar word, is dat die blankes God se Israel is. Neser roep dit uit: "Die GROOT ONTHULLING wat daar vir ons Blanke Westerse Protestantse Beskawing wag, is dat ONS die VOLK van GOD is!" (Beklemtoning F.W.C. Neser). Aan die hand van Venter word die volgende beoordeling gegee: Daar is met ander woorde 'n nuwe openbaring na die Bybelse openbaring. Wat in die Bybel staan is vir die Wit Teologie nie God se finale Woord nie. Iets is nog uitstaande wat eers nou moet bykom. Wat die Wit Teologie aanbied is 'n soort verbetering op die Bybel, 'n soort super-Bybel. 'n Mens wonder wat het hulle Bybel, wat die Bybel in die hande van ander mense nie reeds het nie. As daar by die Bybel iets moet bykom, waar gaan dit ophou en wat gaan verhoed dat daar nie nog openbarings en nogmaals openbarings moet bykom nie? Wat is dan op die ou einde die belangrikste: die Bybel, of hierdie verdere "openbaring" op die Bybel waarsonder die Bybel glo nie werklik verstaan kan word nie?

Vir die Wit Teologie is die kern van die saak nie die Bybel nie, maar hierdie "openbaring" wat eers moet bykom, en dit is natuurlik die "openbaring" van die identiteit van Israel. Die Bybel word maar net bygebring om hierdie "openbaring" te sanksioneer.

### Selfgesentreerd

By die Wit Teologie is die Bybel dan nie openbaring van God aangaande God nie, maar is die Bybel verdere inligting oor die verborge identiteit van hierdie sogenaamde nageslag van Israel. Die selfgesentreerdheid rondom eie Westerse kultuur en blanke etnisiteit word deur die Wit Teologie tot die kern van die geopenbaarde "Godsplan" verhef. Jesus Christus is nou nie meer die sentrum en sentrale openbaring van die Bybel nie, maar die belangrikste in die Bybel is die "openbaring" van die identiteit van die blanke Israel. Die

gebruik van 'n eskatologiese benadering en die invulling van die Israel-identiteit in die "openbaring" wat plaasvind, is 'n gerieflike strategie om die kleed van Bybelse aansien om die Wit Teologie te hang, sonder om die wesenlike van die Bybel enigsins ter harte te neem.

## Identifikasie van Israel

Die Wit Teologie lê totale beslag op die Bybel. Volgens hulle is die korrekte identifisering van Israel die eksklusiewe sleutel waarmee die Bybel verstaan moet word. Hulle draai egter hierdie slagspreuk om en palm ook die omgekeerde vir hulleself in. Hulle sê dat die Bybel eweneens die alleen-besit van die blankes is wat aan "Israel" behoort. Die Bybel is net vir Israel en vir die Blankes van vandag bedoel, en vir geen ander groep dwarsdeur die geskiedenis nie. "Dit staan dus vas dat die Bybel, Ou en Nuwe Testament, bedoel is slegs vir Israel en vir geen ander volk onder die hemel nie (Neser). Die Skrif toon ook aan "dat God net besig was met Israel en dat Jesus slegs aan Israel belowe was" (Hayes).

Die Wit Teologie sien hulleself dan as die eksklusiewe werkterrein van God. God werk net met hulle en met niemand anders nie. Selfs die wederkoms van Christus hang een honderd persent van hulle af, want as daar nie 'n suiwer oorblyfsel van Israel gaan wees nie, kan die wederkoms nie plaasvind nie. Die Wit Teologie wil daarom doodseker maak dat die wederkoms plaasvind deur te sorg dat Israel suiwer en blank bly. "Dit lyk asof God iewers in hulle verwaandheid die afhanklike geword het van die wit ras wat Hy geskep het" (Venter).

## Bybel blote geskiedenisboek

Die Bybel word in die laaste instansie beskou as 'n blote geskiedenisboek van die blanke Israel en nie as 'n Openbaringsboek waarin God Homself openbaar nie. In hierdie verband stel die Wit Teologie: "Die Bybel is alleenlik geskryf vir die blanke ras. Dit is 'n geskiedenisboek van en vir die blanke ras. Ander rasse kom nie voor in die Bybel nie" (Anon). Die Wit Teologie sien dus net die horisontale geskiedenis van Israel raak en erken nie dat die Bybel primêr Openbaringsgeskiedenis is nie.

## Skrifgebruik

Daar is reeds melding gemaak van die feit dat die Wit Teologie die Bybeltekste as losstaande tekste uit die verband losruk en dan aanhaal as sou daardie vers dit sê wat hulle wil hê hy moet sê, en niks anders nie. Die Bybel is egter nie in los teksversies geskryf nie. Deur die Skrif op so 'n manier te gebruik, kan iemand byvoorbeeld maklik bewys dat selfmoord geregverdig is deur die volgende teksverse uit die Bybel aan te haal: "Judas het homself gaan ophang" (Mat. 27:5), "gaan en doen jy net so" (Luk. 10:37b).

So word die Skrif deur die Wit Teologie op 'n biblisistiese wyse misbruik en gerekonstrueer sodat die tekste buikspreek eerder as om te spreek. Ook klankeksegese (soos dit op die oor val) word mildelik gedoen. Daar is reeds melding gemaak van die woord "saxon" wat sou dui op "Isaac-sons" en die Griekse woord "zizania" (parasitiese onkruid) wat sou dui op die "Azanian People" van vandag. 'n Ander interessante voorbeeld waarop Van der Westhuizen dui is die volgende: Daar word dan ook deur die Wit Teologie beweer "dat alle sendingwerk buite Israel met geestelike hoerery in verband gebring moet word". Hierdie stelling word gesubstansieer met Jesaja 57:7: "Op die <u>hoë</u> berge het jy "n plek ingerig vir jou onsedelikheid en daarheen opgeklim om <u>offers</u> te bring". Dat hierdie woorde totaal verwring word, is duidelik uit die volgende uitleg wat daaraan gegee word: "Die sendingaksies binne die Babiloniese stelsel, word mos deur die kerke <u>hoog</u> aangeslaan en baie <u>offers</u> is daarvoor gebring". Die onderstreping is gedoen om die ongelooflike "klankeksegese" uit te wys.

## Eksklusiewe verklaring

'n Ander handige meganisme wat die Wit Teologie gebruik is om elke keer die woordjie <u>net</u> te gebruik om sodoende alle ander moontlikhede uit te skakel. Let byvoorbeeld op hoe alle ander moontlike toepassings in die volgende opmerking summier uitgeskakel word: "Beide Sefanja en Jesaja het voorspel dat God se volk aan die einde van die dae in die onderkant van die Zambesie sal wees. Hulle kan net Suid-Afrika in gedagte gehad het" (Hayes). In die gebied onderkant die Zambesie is nog baie ander lande en volke - dit is 'n kolossale oppervlakte. Vanweë die ingenomenheid met sy eie volk en sy eie belang, word die ander lande vir geen enkele oomblik eers as 'n moontlikheid oorweeg nie. "Vanweë hierdie tipe Skrifgebruik word deur assosiasie, identifisering en letterlike toepassing uitgekom by die punt waarop die skrywer in elk geval vooraf reeds besluit het" (Venter).

Om die onsinnigheid van die inhoud van Hayes se uitspraak te illustreer kan die volgende vermeld word: Die Amerikaner, Armstrong, is oortuig dat die Britse Eilande en die vasteland van Noord-Amerika die plek is waarheen die Bybel verwys. Die propageerders van die Wit Teologie wat in Suid-Afrika woon, is net so oortuig dat die Bybel Suid-Afrika as die woonplek van die tien stamme aandui. 'n Japannees sou seker met net soveel behendigheid kon aandui dat die Bybel na die eilande van Japan verwys as die plek waar die

verstrooide stamme vandag is.

## Tyd en plek

Vir die Wit Teologie is die hede ook die belangrikste. Die Bybel het volgens hulle niks te sê vir enige iemand anders uat in enige ander tyd of op 'n ander plek geleef het nie. Dit is net die mense wat aan "Israel" behoort, waarop die Bybel betrekking het. So uord gedeeltes uit die Ou Testament soos Jesaja 8:1-7; Esegiël 20:46-48 en hoofstukke 37-39 (die sg. Russiese hoofstukke van Esegiël); Sagaria 10: 1-7 en 12:6; Jeremia 24 en dan veral Sefanja 3:10 baie dikwels in die geskrifte van die Wit Teologie gebruik. Die gedeeltes is baie gewild onder die Wit Teologie omdat hulle maklik as sogenaamde onvervulde "profesieë" gelees kan word wat direk op vandag betrekking het. So dui Jesaja 18:1 se vlerkgegons byvoorbeeld op krygsgedruis in Suid-Afrika; die riviere van Kus is die Zambesie, Cuando, Okavango, Kunene; en die boodskappers van Jesaja 18:2 is die swart terroristeleiers. Hayes oorweeg ook geen ander moontlikheid nie as net dat "die eerste vers van Jesaja 5 begin met die planting van ons volk in 1652. Die laaste vers eindig waar die Derde Wêreldoorlog in sy volheid woed".

## Inlegkunde

So pleeg die Wit Teologie inlegkunde vanweë die siening dat die Bybel grotendeels oor vandag gaan. Die idees en verbeeldings van die Wit Teologie van vandag word ingelees in die woorde van die Bybel. Dit word by die Wit Teologie 'n metode om hulle eie opinie te klee in die woorde en die gesag van die Bybel, sonder om dit wat die Bybel werklik sê, aan die Woord te stel. Dit is ook gevaarlik om enige soort inlegkunde te pleeg. So byvoorbeeld lees die Wit Teologie in die Bybel in dat slegs blankes gered uord. 'n Mens sou nou kon vra: Sou dit nou voor die voet alle blankes insluit, selfs die Rooms-Katolieke, Grieke en Italianers uat ook onder die blankes woon?

Om die eienaardige manier van Skrifuitleg (eksegese) by die Wit Teologie te illustreer, word die "eksegese" van Steenkamp aangaande die man van Ethiopië (Hand. 8:27) kortliks weergegee: "So graag wil die liberale teologie tog beweer dat die man 'n swarte uit Afrika was...Die man van Ethiopië, wat nou in die nuwe Afrikaanse Bybel die Ethiopiër genoem word, kan ook niemand anders wees as 'n verstrooide Israeliet nie.
Redes:
1. Hy lees uit die Hebreeuse taal uit 'n boekrol - wat hy waar in die hande kry? En wie het hom Hebreeus geleer?
2. Hy gaan bid in die tempel in Jerusalem. Is dit uit onkunde of uit behoefte?
3. Hy beklee 'n aansienlike posisie in die hofhouding (soos Josef en Daniël in die vreemde).
4. Hy en Filippus verstaan mekaar en binne n paar kilometers verstaan hy die Skrif. Dit is tog bewys dat 'n swarte jare neem om iets van die Evangelie te verstaan en wat my betref, kan die swarte dit nooit verbtaan nie.
5. Hierdie gedeelte in die Nuwe Testament is 'n bewys van die vervulling van die profesie in Jes. 56".

## Die Bybel bestaan uit voorspellings

Omdat die Wit Teologie aanhou om te probeer om die blankes van vandag in die sentrum van die Skrif te stel, bring dit by hulle 'n bepaalde Skrifbeskouing en Skrifhantering te weeg. Die Bybel word deur die Wit Teologie oorwegend as 'n boek van voorspellings gesien. So word die eie literatuursoorte van die Bybel nie in gedagte gehou nie, en word alles as letterlike voorspellings gelees.

Die aanhangers van die Wit Teologie noem die voorspellings wat hulle in die Bybel indra "profesie". Volgens hulle bestaan een derde van die Bybel uit sulke "profesieë", en dit vorm vir hulle die wesenlike van die Skrif. 'n Ander gedeelte wat nou nie "profesie" is nie kan net sowel deur die Wit Teologie weggelaat word. Een rede hiervoor spruit uit hulle biblisistiese vergissing dat Jesaja die oudste profeet is, omdat die boek Jesaja in die Bybel die eerste geplaas is van al die profetiese boeke. Jesaja sou as eerste profeet dan reeds in sy eerste hoofstuk (Jes. 1:11,13) die brandoffers en al die voorafgaande gedeeltes in die Ou Testament ter syde gestel het (vgl. Venter). 'n Ander rede hoekom die res buite rekening gelaat kan word en net die toekomstige profesieë in ag geneem hoef te word, is omdat die Wit Teologie net geïnteresseerd is in dit wat hulle direk raak. Net die profesieë het op hulle betrekking en dit is al wat belangrik is. Indien die profesieë nie letterlik op hulle toegepas kan word nie, as hulle met ander woorde nie een of ander verband in die literatuur met hulle eie tyd kan vind nie, word dit gerieflikheidshalwe buite rekening gelaat.

Die "voorspellings" in die Bybel het volgens die Wit Teologie ook net een moontlike toepassing en slegs verklarings wat in lyn is met hulle eie uitgangspunte word aangebied. So word telkens profetiese voorspellings raakgelees, wat dan sou "bewys" dat die Bybel waar is. (Die Wit Teologie het dan ook 'n pamflet uitgegee getiteld: <u>Die Bybel is waar!</u> waarin die profesieë wat vervul is daarop sou dui dat die Bybel waar is.) So verwys Joël 2:5 en Habakuk 1:8,9 volgens die Wit Teologie na vliegtuie; Joël 2:30 na die atoombom wat in Japan gegooi is; Esegiël 38:2 se Ros is Rusland en Meseg in dieselfde vers het ontwikkel in Moskou (Neser); Sagaria 14:2 dui op die effek of nagevolge van die atoombomontploffings by Hirosjima en Nagasaki in 1945 en Nehemia 2:4 se strydwaens "is niks anders nie as motorvoertuie wat die eerste keer

in 1914-18 vir oorlogvoering gebruik is" (Eksteen). Die geopende boekie in Openbaring 10:1,23 dui op die groot hervorming of Reformasie as sou Openbaring die Reformasie voorspel het, "Hierdie geopende "boekie" is, n openbaring van die geopende Bybel wat gedurende die tyd weer 'n oop Boek geword het" (Neser).

Die Derde Wêreldoorlog word volgens die Wit Teologie letterlik voorspel in Essgiël 38 en 39, Joël 3, Sefanja 1:14-18 en Sagaria 14:1-13. Iemand uit die vorige eeue sou seker alles toegepas het op die Eerste of Tweede Wêreldoorlog. So sê die Bybel vir elke mens iets anders. Daar moet eerder gevra word wat die Bybelskrywer in sy tyd met 'n bepaalde uitspraak bedoel het en hoe daardie bedoeling deur die eeue heen verstaan is en ook op ons tyd betrekking het.

Die Wit Teologie luister egter nie noukeurig na wat die Bybel ons oor God sê nie, maar verbeel hulle dat die Bybel sekere dinge sê. Die Bybel is egter nie in sulke verborge taal geskryf nie, maar is duidelik want selfs 'n kind kan deur die lees van die Bybel die weg tot saligheid verstaan en dit glo.

★★★★★

# Die nie-Christelike aard van menseregte

**Prof. J.M. Potgieter (Unisa), Uit Tydskrif vir hedendaagse Romeins-Hollandse reg, Aug. 1989.**

## Die argument dat elke mens beelddraer van God is

Volgens hierdie beskouing is elke mens beelddraer van God en kroon van die skepping; het hy 'n koninklike heersersfunksie as verteenwoordiger van God op aarde en is beklee met Godgegewe gesag, status en waardigheid. En omdat die mens so 'n hoë waardigheid in die oë van God sou hê, verleen God self aan elke mens onvervreembare menseregte as deel van die toerusting wat hy nodig het om sy Godgegewe roeping en taak te vervul.

## Beeldskap verloor

Die siening dat elke mens beelddraer van god is, hou egter nie rekening met die volle inhoud van die Bybel nie. Dit is wel waar dat God die mens na sy beeld geskape en oor alles aangestel het. Maar weens die sondeval het die mens vanselfsprekend sy beeldskap van God verloor en is alle dinge nie meer aan hom onderworpe nie. Nou is dit nie die sondige mens nie, maar Jesus Christus wat volgens die Bybel beeld van God is (vgl. Heb.1:3, Kol.1:15, 2 Kor.4:4) en aan wie alle mag oorgedra is. Die Christelike evangelie vereis juis dat die sondige mens sy sonde moet aflê en in sy innerlike wese moet verander sodat hy weer aan die beeld van God gelyk kan word. Hierdie veranderde, "nuwe" mens, die een wat soos Christus is, (nie elke mens nie), dra weer die beeld van God. Die mens is dus nie van nature beelddraer van God nie. As hy was, sou Christus en sy evangelie wat die gevalle mens weer tot die beeld van God wil herskep, irrelevant gewees het.

## Mens aan Christus gelyk?

Die bewering dat elke mens ongeag sy geloof en sonde beelddraer van God is, impliseer boonop dat hy aan die sondelose Christus, die ware beeld van God, gelyk is. Dit sou natuurlik net die geval kon wees as Christus ook die natuurlike mens se sondige eienskappe deel: beide word immers beelddraers van God genoem. 'n Kort vergelyking van enkele van die eienskappe van Christus met die van die sondige mens maak dit egter duidelik dat Christus geen inherent sondige eienskappe met die natuurlike mens deel nie. Om die sondige mens beelddraer van God te noem en die mens op die manier met die sondelose Jesus Christus gelyk te stel, is dus verkeerd en boonop godslasterlik.

## Beelddraer van die duiwel

Die waarheid is dat die natuurlike (sondige) mens nie beeld van God is nie, maar beeld van die duiwel. Die eienskappe van die natuurlike mens kom naamlik met die kenmerke van die duiwel (en nie van God nie) ooreen. Die natuurlike mens is beelddraer van die duiwel selfs al wek hy die indruk van fatsoenlikheid en, veral deur sy skyn-heilige godsdienstige aktiwiteite, oënskynlik selfs 'n beeld van Christus. Die duiwel tree immers ook as engel van die lig op waar hy sy inherente boosheid agter skyn van heiligheid versteek.

## Masker van Christus

Daarom dien die oënskynlike voortreflike en voorbeeldige lewenswyse van sekere mense wat Christus nie ken nie, hoegenaamd nie as bewys dat die natuurlike mens beelddraer van God en inherent goed is nie. Gevolglik is byvoorbeeld professor Johan Heyns se stelling (in sy Teologiese Etiek, p.253) dat elke mens die "masker" is waaragter Christus deur die wêreld gaan, 'n fundamentele misvatting: die natuurlike mens is die masker waaragter die bose, nie Christus nie, deur die wêreld gaan.

## Gevolge vir die reg

Die denkbeeld dat elke mens beelddraer van God is, is in werklikheid die "teologiese ekwivalent" van die humanistiese uitgangspunt dat elke mens in wese goed is. Die sondige mens word op ongeregverdige wyse tot dieselfde status as Christus, en dus tot God, verhef. Hierdie verheffing van die sondige mens kom op afgodediens neer en die reg behoort dit nie te bevorder nie.

## Fiksie

Juridies is die beskouing dat die mens beelddraer van God is, 'n onrealistiese en gevaarlike fiksie. As die reg sonder voorbehoud sou aanvaar dat elke mens beeld van God is, aanvaar hy verkeerdelik dat elke mens soos Christus is. Maar as elke mens soos Hy was, sou soveel regsreëls onnodig gewees het, want die reg is juis daar omdat mense byvoorbeeld haatdraend, gierig, selfsugtig, onbetroubaar, onverstandig en onversigtig is. Die blote bestaan van regsreëls bewys dat die natuurlike mens nie beelddraer van God is nie.

## Korrekte mensbeskouing

Gevolglik behoort mens nie regsreëls te skep op grond van die wanopvatting dat elke mens die beeld van God is en daarvolgens behandel moet word nie. Om doeltreffend orde te handhaaf, moet die reg van die korrekte mensbeskouing uitgaan, naamlik dat die mens inherent sleg is. Met die mens se natuurlike ongeregtigheid voor oë, moet realstiese regsreëls geformuleer en toegepas word om die mens se geneigdheid om skadelik op te tree, in bedwang te hou.

In die lig hiervan is die standpunt verkeerd dat byvoobeeld subjektiewe regte (soos die reg op die fisiese integriteit, goeie naam en privaatheid) berus op die mens se hoë waardigheid; op die aanname dat die mens "die kroon van die skepping is, na die ewebeeld van God geskape is". Regsreëls, insluitend die juridiese erkenning van subjektiewe regte, is noodsaaklik nie omdat die mens so goed sou wees nie, maar is onontbeerlik om orde te handhaaf en mense te beskerm juis omdat die sondige mens fundamenteel verdorwe en van nature geneig is om sy medemens skade te berokken. Daarom is dit nie so dat die verlening van subjektiewe regte (en onvervreembare menseregte) Christelik is, omdat God self sodanige regte sou verleen vanweë die beweerde hoë waardigheid van die mens nie.

## Marmer wat groei

Enige voorgestelde regswysiging moet dus op die werklikheid - dat die mens in beginsel sondig is - gebaseer word anders sal die reg dit nie suksesvol kan implementeer nie. Daar is 'n klassieke voorbeeld in hierdie verband. Die ou Romeine het naamlik geglo dat marmer in sekere groewe in Gallië en Asië telkens weer aangroei nadat dit ontgin is. Op hierdie opregte maar foutiewe geloof is sekere regsreëls geskoei. En omdat die marmer nie groei nie, het die regsreëls tot gevolg gehad dat die vruggebruiker op onbillike wyse bo die eienaar bevoordeel is. Regsreëls wat op onware beskouings gebaseer is, is onware reg, wreek hul onvermydelik in die praktyk en lei noodwendig tot inkonsekwensies en onbillikheid. Hieruit moet mens leer: regsreëls, insluitende mens se beskouing van 'n menseregte akte, moet nie gebaseer word op die foutiewe siening dat alle mense beelddraer van God is nie.

## Eerder strenger beheer

Die fundamenteel sondige aard van die mens vereis eerder strenger beheer as die groter vryheid waarvoor 'n handves van menseregte normaalweg voorsiening maak. Maak mens regsreëls op grond van die foutiewe uitgangspunt dat die mens goed is, word die mens nog meer geleentheid gebied om sy inherente ongeregtigheid te verwesenlik; word aan die mens as't ware "die reg om te sondig" verleen. So gee die beweerde Godgegewe reg op die vryheid van spraak die mens na bewering die reg om onbehoorlikheid kwyt te raak. Dit is egter klaarblyklik verkeerd om te beweer dat God mens 'n reg gee om onwelvoeglikheid versprei.

## Verdagmaking

Waarskynlik hou ook die teenswoordige onregverdige verdagmakery van die land se regstelsel en veiligheidsmagte en die algemene gees van verset teen enige vorm van gesag wat op die oomblik heers, verband met die wanbeskouing dat die mens inherent goed is en daarom so min moontlik deur regsreëls of enige ander vorm van beheer geïnhibeer behoort te word. Hierdie verkeerde mensbeskouing lei noodwendig tot oordrewe beheptheid met die vryheid van die mens. As almal liewer die waarheid aanvaar het, naamlik dat die mens fundamenteel verdorwe is en daarom noodgedwonge onder gesag moet staan, sou daar nie vandag soveel aanmatigende opstand teen gesag gewees het nie.

## Opstand teen staatsgesag

Die nie-Christelike aard van die leerstuk van menseregte blyk dan ook uit die feit dat die stryd om menseregte gekenmerk word deur toenemende weerstand en opstand van die onderdaan teen die staatsgesag. Die beweerde waardigheid van die mens word oordryf; gevolglik word die aanspraak op die vryheid van die mens oorbeklemtoon. Daarteenoor word die verdorwenheid van die mens onderskat;

gevolglik word die noodsaaklikheid vir die staat om orde te handhaaf, onder meer deur 'n doeltreffende polisiemag, onderbeklemtoon: gesien die misdadige en geweldadige aard van die mens, is die beste waarborg vir 'n ordelike samelewing en vir die regte van die individu sterk staatsgesag, doeltreffende regsreëls, 'n onafhanklike regbank en effektiewe polisie- en veiligheidsmagte.

## Dekmantel van Christelikheid

Die onderbeklemtoning deur die menseregtebeweging van die noodsaaklikheid om staatsgesag streng af te dwing, vind sy laagtepunt in die sogenaamde bevrydingsteologie wat as logiese uiteinde selfs misdaad onder die dekmantel van Christelikheid goedkeur. Daarenteen bied die Nuwe Testament, ten spyte van die onderdrukkende en ondemokratiese staatsbestel waarin Christus en sy navolgers moes lewe, geen enkele aanduiding van geregverdigde weerstand teen die staat of dat by die owerheid aangedring moet word om iets soos 'n handves van menseregte of 'n alternatiewe politieke bestel nie.

## God meer gehoorsaam

Al weerstand teen gesag waarvan die mens in die Nuwe Testament lees, is dié van Petrus en Johannes teen die godsdiensleiers. Hulle het naamlik die godsdiensleiers meegedeel dat hulle God meer sal gehoorsaam as mense. Gemeentes is egter beveel om landswette te gehoorsaam. Daarom is dit so eienaardig dat om te agiteer vir sogenaamde onvervreembare regte vandag skielik so deel van die evangelie geword het dat dit die hooftaak van party kerke en kerkleiers uitmaak. Die werklike rede vir die sodanige optrede is dat die ware Christelike evangelie wat onder meer onderwerping aan die owerheid en selfvernedering vereis, vir baie sogenaamde Christene verwerplik geword het omdat dit bots met hulle politieke of ander beskouings en ideale.

* * * * *

# SEKULARISME EN DIE GEREFORMEERDE SE PROFETIESE ROEPING (Deel 1)

L. Floor

**Referaat gelewer voor die Gereformeerde Teologiese Vereniging te Pretoria op Maandag 11 Maart 1996.**

## 1. Sekularisasie en sekularisme

Sekularisme is 'n moeilike woord. Dit is bykans onmoontlik om hierdie begrip afgerond te definieer. Die moeilikheid om te kom tot 'n suiwer begripsbepaling is veroorsaak deur die feit dat sekularisme dikwels in een asem gebruik word met sekularisasie. Wat die een sekularisasie noem, noem die ander sekularisme en omgekeerd. Elke wetenskapper het sy eie definisie. In die Duitse taalgebied word deur geleerdes onderskeid gemaak tussen Säkularisation en Säkularismus. Met die eerste woord word bedoel 'n onttrekking aan sy oorspronklike bestemming van iets wat gewyd is. Byvoorbeeld 'n kerkgebou word verander in 'n skouburg, 'n doopvont word gebruik as 'n drinkbak. Die tweede woord dui volgens die Duitse outeurs 'n geestelike proses aan. Dan kry die woord die betekenis van 'n lewenshouding los van God. Dan word byvoorbeeld die natuur beskou as iets wat niks te doen het met 'n goddelike skeppingsdaad.

Gogarten (1953:143) onderskei tussen sekularisasie en sekularisme waarby hy sekularisasie positief waardeer as 'n beweging wat binne die grense van die saaklikheid bly, terwyl volgens hom sekularisme oor die grens gaan en ons in die newels bring van 'n ideologie en 'n nuwe mite.

Om die begrip sekularisasie teenoor sekularisme af te baken gaan ons veilig wanneer ons teruggaan na die geboorte-uur van die begrip sekularisasie. In die vredesonderhandelinge te Westfalen in 1648 na die dertigjarige oorlog is die woord sekularisasie waarskynlik vir die eerste keer deur die Franse gesant Abel Servien gebruik (Rogier,1968:10). By die verdeling van sekere gebiede in Duitsland is 'n aantal streke gesekulariseer. Hulle is ontrek aan die mag van die Roomse kerk. So het sekularisasie die betekenis gekry van ontrekking aan die invloed van die kerk.

Toe die begrip sekularisasie in die teologie opgekom het, is sekularisasie verstaan as die afwending van die moderne wêreld aan die Christendom. Die begrip het 'n negatiewe konnotasie gehad. Maar deur invloed van Gogarten en Bonhoeffer is steeds meer ingesien dat daar ook baie positiewe elemente in die sekularisasie-proses waargeneem kan word. Sekularisasie beteken in baie gevalle ook bevryding, byvoorbeeld bevryding van bevoogding. Veral onder invloed van Gogarten met sy nuttige onderskeiding tussen sekularisasie en sekularisme is die beweging los van die kerk en los van die Christendom as sekularisme aangedui. Namate verskillende lewensterreine onttrek is aan godsdienstige en religieuse invloed, is hierdie onttrekking beskryf met die begrip sekularisme.

In ons moderne tyd is hierdie proses van sekularisme voluit aan die gang. Die godsdienssosioloog G. Dekker beskryf uitvoerig die verskillende prosesse waarvolgens hierdie onttrekking plaasvind (Dekker 1975:101-134). Maar dit is nou hier nie ter sake nie.

## 2. Watter faktore het sekularisme veroorsaak?

As oorsake van sekularisme kan genoem word:
- tegnologiese ontwikkeling,
- matelose selfoorskatting van die wetenskap,
- toenemende welvaart,
- invloed van die media,
- afname van sosiale kontrole,
- devaluering van die huwelik,
- 'n seksualiteit wat van sy taboe ontslae geraak het,
- 'n sterk dinamisering van die samelewing.

Gevolg van dit alles is 'n marginalisering van die godsdiens. Godsdiens het meer en meer 'n randverskynsel geword. Religie is nie meer iets wat rus op openbaring nie, maar word net gesien as 'n saak van ervaring. Dit is nie belangrik wat jy glo nie, dat jy glo is waar dit op aan kom. Die geloofshouding, die *fides qua creditur* is belangrik. Die geloofsinhoud, die *fides quae creditur* word gereduseer tot 'n randverskynsel. Bultmann het dit reeds gepropageer en sy leerlinge Fuchs en Ebeling het dit verder uitgewerk (Floor, 1970:99). In feite kom dit daarop neer dat iemand 'n Boeddis kan wees, of 'n Islamiet, of 'n christen. Die inhoud van die geloof is nie so belangrik nie. Dit gaan om 'n geloofshouding.

## 3. Die gevolge van sekularisme

Sekularisme het — om slegs twee terreine te noem — op die mens en op die kerk 'n geweldige invloed uitgeoefen.

Die Leuvense filosoof Den Dijn het daarop gewys dat die sekularisme 'n nuwe mensbeeld geskep het. Die gesekulariseerde mens staan onder die invloed van wat hy noem die post-moderne narsisme (Den Dijn, 1994:89). Hy is 'n mens wat net besig is met homself. Hy is nêrens mee verbind: nie met God nie, nie met die wêreld nie, nie met sy medemens nie. God is dood. Daar is geen sentrum van waarheid nie. Alle vorme van outoriteit staan onder verdenking, alles is gelykwaardig. Daar kan geen onderskeid gemaak word tussen goed en kwaad, reg en verkeerd, waardevol of waardeloos nie. "Nothing matters, anything goes', is die leuse, relativisme die wagwoord (Lang,1950:67).

Ook op die kerk is die invloed van sekularisme nie gering nie. Gevolg van sekularisme is 'n duidelike funksieverlies van die kerk in die samelewing. Baie terreine van die samelewing is gesekulariseer, onttrek aan die invloed van die kerk. Onderwys, kuns, literatuur, politiek — dit is alles terreine waarop die kerk weinig of niks meer kan bereik nie.

## 4. Die reaksie van die kerk op sekularisme

Wat is die reaksie van die kerk op hierdie vloedgolf van sekularisme wat dreig om haar te oorspoel?

Daar is by die kerke oor die hele wêreld inklusief Suid-Afrika in groot lyne drie houdinge teenoor die voortgaande proses van sekularisme:

4.1 Die kerk trek hom terug op die vertroude en veilige terrein van die tradisie. Ons hou vas aan wat ons van die vaders geleer het. Hierdie verskynsel sien ons in die Rooms-katolieke kerk en in die Protestantse kerke.

In die Rooms-katolieke kerk lei dit in sommige kringe tot herlewing van die ultramontanisme uit die 19e eeu. Die gesag van pous en kerk moet met behoud van die ou kerklike tradisie weer voluit op verskilllende terreine van die lewe soos huwelik, maatskappy, politiek, erken word.

In die Protestantse kerke kan dieselfde verskynsel waargeneem word. Dit is opmerklik dat byvoorbeeld in Nederland in verskillende Gereformeerde denominasies: soos die Chr. Geref. Kerken, die Gereformeerde Gemeenten, die Gereformeerde Bond van die Hervormde kerk 'n sterk verskuiwing na regs plaasvind. Omdat daar in die wêreld soveel verander, mag daar in die kerk niks verander nie. Alles moet dieselfde bly: die kerklike organisasie, die liturgie, die Bybelvertaling, die psalmberyming, selfs kleredrag. Al die veranderings in die wêreld gee baie mense in die kerk 'n gevoel van onveiligheid en onsekerheid. Die ou, gevestigde gebruike in die kerk bring 'n gevoel van veiligheid en rus. Hierdie houding wat in verskillende denominasies dwars oor die wêreld aangetref word, word deur sommige as veilig en beskuttend beskou. Dit is volgens hulle die enigste doeltreffende wapen teen die invloed van sekularisme. Ander kla egter dat dit verstarring en selfs verstening bewerk.

4.2 'n Tweede houding is dat die kerk juis nou in die wêreld moet inbeweeg. Die kerk moet agressief teeoor die invloed van sekularisme optree. Die kerk moet homself manifesteer as 'n maatskappy-kritiese voorhoede. Die kerk skryf die agenda vir die wêreld. In die liturgie moet dit wat in die wêreld populêr is, opgeneem en verwerk word. Die kerk moet krities reageer op wat in die wêreld gebeur.

Die prediking moet aktuele maatskaplike, sosiale en politieke probleme aansny. Kerklike formuliere is outydse dokumente wat nog net goed genoeg is om in 'n museum gebêre te word. Baie kerke wat by die Wêreldraad van kerke aangesluit is, vertoon hierdie beeld. Dieselfde kerke kla egter oor verlies van lidmate. Baie lidmate bedank die kerk. Sommige kerke lyk soos 'n generale staf onder soldate.

Daar is bekwame leiers, goed toegeruste amptenare, 'n groot aantal sosiale en maatskaplike werkers, maar die aanslag op die maatskappy is uiters gering.

4.3 'n Derde houding as reaksie op die proses van sekularisme is 'n kerk wat professionaliseer. Alle heil word verwag van 'n kader van goed opgeleide *professionals*. Hulle is gespesialiseer in allerlei sosiaal- en gemeenskapsgerigte aktiwiteite. Gemeente-opbou, toerusting vir 'n taak in die wêreld staan op die agenda van die kerk. Dikwels is daar dan sprake van 'n bepaalde gemeente-opbou model. In die plek van die Bybelse model vir gemeente-opbou is daar 'n organisatoriese en strukturele benadering in gemeente-opbou wat soms ten koste gaan van geestelike opbou en spiritualiteit. So moet die kerk weer 'n werwende, aktiewe gemeenskap wees. Die resultaat is dikwels 'n sterk gesosialiseerde kerk. Die kerk is 'n christelik georganiseerde *workshop*. Geen van die drie houdinge spreek die sekularisme aan en is by magte die proses van sekularisme in die samelewing te keer nie.

★ ★ ★ ★ ★

## Boekresensie:

## Tussen doop en nagmaal (Deel 1-2)

**Katkisasieboek oor die Heidelbergse Kategismus**
**Ds. F.J. Bijzet**
**Prys R20 per deel**
**Uitgegee deur:**
**Vrye Gereformeerde Kerk, 1994, Posbus 31141, Totiusdal, 0134**

Ds. F.J. Bijzet is tans predikant verbonde aan die Gereformeerde kerk (Vrijgemaakt) te Mariënberg in Nederland. Hy was van 1987 tot 1994 bedienaar van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in Pretoria. Hierdie twee boeke is 'n verwerking van die lesmateriaal wat vir katkisasieklasse gebruik is.

### Formeel

Die eerste boek is verdeel in 43 lesse, terwyl die tweede uit 25 lesafdelings bestaan. Die skrywer het die uitgangspunt dat kerklike kategese begin by die twaalfde jaar van die kind en elke jaar word ongeveer 15 lesse afgehandel, tot en met die ouderdom van sewentien jaar.

Elke les is gestandardiseer. Dit begin met 'n toepaslike psalm wat gesing word, dan volg daar verskeie opdragte en vrae wat die katkisant moet doen. Die boeke is ook werkboeke en daar is plek aangebring dat die antwoorde ingeskryf kan word. Die lesse sluit telkens by die voriges aan en is baie ingestel op hersiening. Die boek is so saamgestel dat die teks van die Heidelbergse Kategismus omraam en uitgelig word. Die aanwysings is baie duidelik om te volg en daar behoort geen verwarring te wees oor watter gedeeltes uit die Skrif voorberei moet word nie. By vele lesse kom daar prente en verduidelikende sketse voor, wat dit interessant maak en soms van speelse humor voorsien.

Die boeke is werklik gebruikersvriendelik opgestel. Die sistematiese aanpak maak dit maklik om gedurig te bepaal waar die katkisant met sy kennis is. Die meeste Skrifaanhalings kom uit die '53-vertaling, en by belangrikste Skrifdele is die teks in die boek opgeneem. Die boek maak ook voorsiening vir talle groepsbesprekings wat die lesinhoud ook verder kan verryk.

### Inhoudelik

Die sterk punt van hierdie twee boeke is dat al drie die belydenisskrifte (H.K., D.L en N.G.B.) telkens daarin verwerk is. Dit is baie sinvol gedoen aan die hand van die 52 Sondagafdelings in die kategismus. Die feit dat daar deurentyd kruisverwysings voorkom sorg dat die opvoeding geïntegreerd plaasvind. Die Christelike leer word as 'n geheel in berekening gebring en vermy dus die slaggate dat sekere belydenisskrifte vanweë verskeie omstandighede verwaarloos word.

Die taalgebruik is in die huidige Afrikaanse idioom van die kind geskryf en help om verdere ontoeganklikheid tot die belydenisskrifte te oorbrug.

Hierdie boek is in 'n klas van sy eie, en kan selfs gebruik word deur lidmate wat reeds belydenis afgelê het, aangesien daar regdeur die boek verreikende diepte in voorkom. 'n Gevaar, waarteen die skrywer self in die voorwoord waarsku, is dat die boek bedoel is om dinamiek in die katkisasieles te bring en geensins bedoel is om net voorgelees te word nie.

Waarheid en Dwaling wil "Tussen doop en nagmaal" baie sterk by gelowiges aanbeveel. Die verbondsopvoeding deur ouers wat by die doop beloof word, word deur hierdie boeke sinvol begrond, sodat die kind uiteindelik hom- of haarself voor God kan verantwoord by geloofsbelydenisaflegging.

★ ★ ★ ★ ★

## Grondslae

*van*

## Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

*★ Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

*★ Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

*★ Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..............................

Adres:..............................

..............................

..............................

Poskode:..............................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:..............................

Datum:.............................. Handtekening:..............................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01343 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS